

## Die Heilige Gees, die Woord, en gebed



### Sabbatmiddag

#### Leesverwysings vir hierdie week se les:

*Johannes 15:7; Matteus 7:7; Psalm 66:18; Jakobus 1:6-8; 1 Johannes 5:14, 15; Handeling 2:38.*

#### Geheetekst:

“En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want onsweet niereg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge. En Hy wat die harte deursoek, weet wat die bedoeling van die Gees is, omdat Hy ooreenkomstig die wil van God vir die heiliges intree” (*Romeine 8:26, 27*).

**W**are geestelikheid en gebed gaan saam. Daar is geen ware geestelike lewe sonder lewenskragtige gebed nie. Naas die behoefte aan bekering, is een van die grootste en noodsaaklikste behoeftes moontlik ‘n herlewing in ons gebedslewe. Die goeie nuus is dat ons selfs in ons gebede nie alleen gelaat word sonder die hulp van die Heilige Gees nie. Gebed trek ons nader aan God; dit verhoog ons tot in sy teenwoordigheid. Die geloofsgebed stel ons in staat om in reaksie op God se oorfloedige beloftes te leef. Ons lewens word getransformeer wanneer ons die Here op sy woord neem vir seëninge wat God in sy Woord beloof het. God is meer as in staat om aan al ons behoeftes volgens sy rykdom te voorsien (*Fil. 4:19*). Ware gebed en opregte geestelikheid plaas altyd vir God in die middelpunt van ons belangstelling, en beide is geanker in sy geskrewe Woord. Ons behoort nie ons geestelike lewe op ons onstandvastige ondervindinge en subjektiewe gevoelens te baseer nie, en nog minder in ons gebede te fokus op bedenklike bepeinsinge en meditatiewe praktyke. Ons geestelikheid moet eerder deur die Bybel gerig word en om God se wil te doen soos dit in sy Woord geopenbaar word. Dit is die Heilige Gees wat in ons die begeerte aanwakker om God se teenwoordigheid in gebed op te soek, en om mekaar ook in gebed op te dra.

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat 11 Maart.*

## Gebed wat vir God aanneemlik is

Alhoewel met vroomheid bedek, gaan talle gebede gepaard met twyfelagtige motiewe. Ons kan dalk bid dat iemand se lewe gespaar word omdat ons nie daarvan hou om alleen agter te bly nie. Ons bid dalk dat God se werk suksesvol sal wees, omdat ons 'n belangrike rol daarin speel. Moontlik bid ons vir die bekering van 'n persoon omdat ons lewe dan makliker sal wees. Dikwels sentreer ons gebede meer rondom dit wat ons wil hê, eerder as wat God wil hê. Gebed wat aanneemlik vir God is, het 'n ander fokus.

**Lees Johannes 15:7. Waarom is dit belangrik vir ons gebede dat ons in Jesus bly, en sy Woord in ons? Watter ander soort fokus sal ons gebede hê indien ons nie in Jesus bly nie?**

---

---

Om eerste na God te soek, en sy gemeenskap te geniet, is belangriker as enigiets anders wat Hy dalk vir ons mag gee. As God eerste in ons lewens kom, sal ons graag wil doen wat Hy wil hê; sy gedagtes sal ons begeertes bepaal. Wanneer God eers die middelpunt van ons gebede is, sal ons begin om vanuit sy perspektief te bid. Ons sal begin om ons hele lewe deur God se oë te sien. En hierdie perspektief veredel gebed. God is ten sterkste geïnteresseerd in ons. Hy verlang daarna om deel van elke aspek van ons lewens te wees: ons bekommernisse, ons vrese, ons wense, ons hoop, ons begeertes, ons suksesse, ons vreugdes, ons mislukkings - alles. Ons kan met Hom oor hierdie dinge praat soos met 'n goeie vriend. En ons sien alles raak asof deur God se oë.

God word nie deur gebed verander nie; dit verander ons, want ons kom in aanraking met die lewensveranderende teenwoordigheid van God. "Gebed is die uitstorting van ons hart tot God soos tot 'n vriend. Nie dat dit nodig is om vir God te sê wat ons is nie, maar om ons in staat te stel om Hom aan te neem. Gebed bring God nie af na ons toe nie, maar dit neem ons op na Hom toe."—Ellen G. White, *Skrede na Christus*, p. 93. Wat 'n kragtige aanhaling! Dit vang so baie vas van die werklikheid van wat gebed is en wat dit vir ons doen. Slegs gebed maak ons ontvanklik vir die genade, die krag, en die teenwoordigheid van God in ons lewens. Wie het nog nie op een of ander tyd die werklikheid ervaar van hoe gebed ons nader aan God kan trek nie?

**Dink na oor jou gebedslewe: dit is, waarvoor jy bid, wanneer jy bid, waarom jy bid, ensovoorts. Wat vertel dit jou aangaande jou eie geestelike status en jou verhouding met God? Watter veranderinge sal jy dalk moet maak?**

---

## Die grondslag van Bybelse gebed: vra God

**Lees Matteus 7:7. Voordat ons enigiets van God kan ontvang, moet ons daarvoor vra. Waarom is dit so belangrik om te vra, al weet God in elk geval alles?**

---

---

---

Ons begeertes word openbaar gemaak wanneer ons vra, en dit is 'n uitdrukking van ons vertroue in God. Dit is deur gebed dat ons God nader, en Hy is die Een van wie ons ondersteuning en hulp benodig. Wanneer ons God vra, gee ons God ook op 'n openbare platform toestemming om namens ons op te tree. God wil gevra word. Hy verlang dat ons ons versoeke in gebed aan Hom bekend maak. As ons Hom nie vra nie, sal ons nie die gawes ontvang wat Hy belowe het nie. Jesus het gesê: “Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop en vir julle sal oopgemaak word. Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word” (*Luk. 11:9, 10*).

**Lees Markus 11:24; 1 Johannes 5:14, 15; en Psalm 66:18. Waarom is geen behoorlike gebedsversoek vir God te groot nie? Waarom is dit goed om te weet dat God vrygewig is en lief is daarvoor om uit sy oorfloedigheid te gee? Wat is God se voorvereiste om ons gebede te beantwoord?**

---

---

---

Ons kan werklikwaar enigiets vir God vra. Geen versoek is vir Hom te klein of te onbelangrik nie. Geen versoek is so groot dat God dit nie kan hanteer nie. Hy is almagtig. Deur die geloof kan ons elke belofte in die Bybel opeis, en die beloofde gawes uit God se hand volgens sy wil ontvang (*2 Kor. 1:20*). Maar daar is sekere voorwaardes waaraan voldoen moet word om te ontvang wat ons vra. Indien ons nie gewillig is om ten volle 'n oorgawe aan God te maak nie, en indien ons versoeke slegs ons eie selfsugtige en sondige begeertes weerspieël, sal God nie ons gebede beantwoord nie (*sien Jes. 59:1, 2*). 'n Belangrike voorwaarde vir die vervulling van ons gebede is ons gewilligheid om God se wil na te volg en gehoorsaam te wees. “Al God se gawes word beloof op voorwaarde van gehoorsaamheid.”—Ellen G. White, *Christ's Object Lessons*, p. 145 (vry vertaal). Omdat ons weet dat God vrygewig is, kan ons onbeskaamd na Hom toe kom. “Die Here word nie verheerlik deur die flou smeekgebede wat 'n aanduiding is dat daar eintlik geen verwagting is nie. Hy wil graag hê dat elkeen wat glo, die troon van genade met opregtheid en sekerheid sal nader.”—Ellen G. White, *Signs of the Times*, Aug. 7, 1901 (vry vertaal).

## Die grondslag van Bybelse gebed: glo

**Lees** Markus 11:24. Behalwe om te vra, watter ander aspek noem Jesus in verband met gebed?

---

Om te vra, is alleen nie voldoende nie. Daar is 'n tweede belangrike aspek wat teenwoordig moet wees in ons gebede: geloof. Die boek Hebrëers sê vir ons: “sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag” (*Heb. 11:6*). Wanneer ons voor God neerkniel en die Bybel oopmaak by enige van die meer as drie duisend beloftes, en dan vir God vra, met die eenvoud van 'n kindjie, om sy beloftes in ons te vervul, moet ons glo dat Hy dit sal doen wat die beste vir ons is, en op sy tyd.

**Lees** Jakobus 1:6-8. Hoe beskryf die volgende teksvers die persoon wat 'n gebrek aan geloof het? Waarom is geloof 'n voorvereiste om die belofde gewes te ontvang?

---

As ons na God kom, moet ons glo dat Hy bestaan en dat Hy diegene sal beloon wat na Hom soek. Kragdadige gebed moet gepaardgaan met 'n geloof dat God nie alleenlik kan antwoord nie, maar dat Hy so sal doen volgens sy goddelike wil. In die Bybel staan geloof in verhouding met vertron. Ons kan iemand slegs vertron wanneer ons weet dat die ander persoon betroubaar is. Wanneer ons gedagtes van twyfel koester of God sy beloftes sal hou, wankel ons en kan ons nie verwag om enigiets van Hom te ontvang nie. Om te glo, beteken om God op sy woord te neem. Dit beteken dat ons op God en sy beloftes staatmaak, selfs al ervaar ons ander gevoelens. Want “geloof dan is 'n vaste vertron op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie” (*Heb. 11:1*). Geloof hou vas aan die beloftes van God, omdat ons vertron op wat Hy gesê het (*Heb. 11:11*). Geloof weet dat “dit onmoontlik is dat God sou lieg” (*Heb. 6:18*). God is dieselfde gister, vandag, en vir ewig (*Heb. 13:8*). Geloof weet dat niks vir God onmoontlik is nie (*Luk. 1:37*). Geloof open die deur na die goddelike skatkamer. God beweeg in manne en vroue se harte deur die Heilige Gees, hulle wat op die Woord van God vertron, en deur geloof raak ons gebede die hart van die Almagtige aan.

**Wat help jou om sterker in geloof te groei? Watter aspek van Jesus help jou om vertron in sy gewilligheid en vermoë te hê in die tye van jou behoefte?**

# Die grondslag van Bybelse gebed: vra God se beloftes

Alle geloof is nutteloos indien ons nie die dinge opeis waarvoor ons gebed het nie.

**Lees 1 Johannes 5:14, 15. Om watter rede kan ons seker wees dat God ons hoor en dat ons sal ontvang waarvoor ons Hom gevra het?**

---

Die derde aspek van Bybelse gebed is ontvanklikheid. Nadat ons God gevra het, en aan sy beloftes glo, moet ons dit opeis wat Hy belowe het. Ons eis God se belofte deur dankbaarheid aan Hom te betoon dat ons dit ontvang het. Daarom word die beloftes van toepassing gemaak op ons harte. Ellen White sê: “om enige gawe wat Hy belowe het, kan ons vra; dan moet ons glo dat ons ontvang en God daarvoor dank dat ons dit ontvang het.”—Ellen G. White, *Opvoeding*, p. 258.

In Lukas 8:11 vergelyk Jesus die Woord van God met ‘n saad. Op dieselfde wyse wat die hele appelboom saamgevat is in ‘n appelsaad, so is die gawe van God saamgevat in sy beloftes. Wanneer ons die beloftes opeis en God daarvoor dank, is ons alreeds in besit van die gawes wat Hy beloof het. Ons ontvang die beloofde gawe deur geloof selfs nog voor ons dit kan voel of sien.

Die voorbeeld van Lasarus se opwekking in Johannes 11 is ‘n illustrasie dat Jesus op hierdie wyse gebed het. Jesus het presies geweet wat God se wil in hierdie situasie was. Johannes 11:11 vertel dat Hy gewillig was om God se wil te doen, en Hy was gehoorsaam daaraan. In Johannes 11:39-41 lees ons dat Jesus die Vader by voorbaat gedank het dat Hy Lasarus sou opwek, al was Lasarus nog steeds in die graf. Toe Jesus God gedank het, het Hy die vervulling van sy versoek ontvang. As God se kinders moet ons op God se beloftes staatmaak en daarvolgens leef, nie op sy verduidelikings nie. Alhoewel ons nie alles kan verklaar nie, kan ons Hom op sy beloftes vertrou.

“Die Here sê: ‘Roep My aan in die dag van benoudheid’” Ps. 50:15. Hy nooi ons uit om ons behoeftes, sorges, en behoefte aan goddelike hulp aan Hom bekend te maak. Hy vra dat ons dadelik sal bid. Sodra daar probleme in ons lewe opduik, moet ons ons ernstige en eerlike behoeftes bekendmaak. Ons dringende gebede is ‘n bewys van ons sterk vertrouwe in God. Deur ons behoeftes te erken, noop dit ons om ernstig te bid, en ons hemelse Vader word geraak deur ons smeekgebede.”—Ellen G. White, *Christ’s Object Lessons*, p. 172 (vry vertaal).

**Waarom is dit so belangrik om altyd alles in gebed na God te bring?**

## Bid vir die Heilige Gees

**Lees Efesiërs 3:16 en Handeling 2:38. Wat vertel hierdie teksverse ons aangaande die ontvangs van die Heilige Gees in ons lewens?**

---

Daar is baie dinge waarvoor ons kan bid, maar daar is een groot behoefte in hierdie onstuimige tye waarin ons leef: die gawe van die Heilige Gees. Dit is die grootste gawe wat Jesus kan gee. Deur die Heilige Gees te skenk, kon God nie meer vir sy mense gegee het nie. Niks kan by hierdie gawe gevoeg word nie (trouens, wat kan enigsins meer by die Goddelikheid Self bygevoeg word?). Al ons behoeftes word deur Hom en deur sy werk in ons lewens bevredig. Die seëning van die Heilige Gees sal sorg dat al die ander seëninge volg. Daar is egter een ander groot struikelblok, onself, omdat ons dikwels onvoorbereid is om die Heilige Gees te ontvang. Soos in die dae van die Nuwe Testamentiese kerk, moet ons beseft dat ons eerstens tot bekering moet kom en ons lewens ten volle aan Jesus oorgee. Ja, dit is net die influistering van die Heilige Gees wat ons toelaat om dit te doen.

Maar wanneer ons op die Heilige Gees se influistering reageer, dan is bekering van sonde die eerste vrug van die werking van die Heilige Gees in ons lewens. Ons moet in nederigheid en geloof ons sondes bely, sodat Hy ons kan reinig van alle ongeregighede. Ons moet beseft hoe ver ons geval het, en hoeveel ons God en sy genade in ons lewens benodig. Ons is verlore sonder Hom, ons is dood in ons sonde en gedoem tot ewige verlies. Wanneer ons dus ernstig bid, sal ons die voorwaardes vervul waarop God belooft het om ons die Heilige Gees te skenk. Al wat ons dan nodig het om te doen, is om God te vra, en Hy sal die Gees vrymoediglik aan ons skenk. “Die hemelse Ouer is selfs meer gewillig om die Heilige Gees te gee aan diegene wat vra, as aardse ouers wat goeie gewes aan hulle kinders gee.”—Ellen G. White, *Ye Shall Receive Power*, p. 284 (vry vertaal). Soos met ander geestelike dinge is die gawe van die Heilige Gees nie die doel op sigself nie. Hy word gegee om Jesus te verhoog, om Christus se karakter in ons lewens te reproduseer, en ons in staat te stel om ander te dien in die opbou van die liggaam van Christus, die kerk. Dus, enige aanbiddingspraktyke, in die openbaar of privaat, wat die Gees bo Jesus Christus verhoog, is verkeerd. Want dit is deur Jesus wat ons “die toegang deur een Gees tot die Vader” het (*Efe. 2:18*).

**Waarom is die gawe van die Heilige Gees die grootste gawe wat Jesus ons kan gee? Wat was jou ervaring met die werklikheid van die Heilige Gees in jou lewe? Op watter wyse sou jou lewe verskil het sonder hierdie gawe?**

---

## Verdere leeswerk:

Lees Ellen G. White, “*Asking to Give*,” pp. 139-149, in *Christ’s Object Lessons*. Ander bemoedigende beloftes wat van hulp kan wees, kan gevind word in Ellen G. White se *God has Promised* (Washington, D.C.: *Review and Herald*, 1982). Ons sal geen geestelike krag in ons lewens hê sonder gebed nie, want gebed verbind ons met die Bron van daardie krag. Sonder gebed het ons geen lewensverbinding met God nie. Ons sal leë houers wees met ‘n “skyn van godsaligheid”, maar sal gestroop wees van die krag en belofte van die gawes van omhoog. En daar is geen kwessie nie, ons is hierdie week die wonderlike beloftes gegee dat God gebede beantwoord. Maar wat van die kere wanneer ons bid en nie kry waarvoor ons gevra het nie, selfs al het ons gepoog om al die voorwaardes na te kom tot die beste van ons Godgegewe vermoë? “Maar moenie mismoedig word as dit lyk of jou gebede nie ‘n onmiddellike antwoord verkry nie. Die Here sien dat gebede dikwels met aardsgesindheid gemeng is. Mense bid vir dit wat hulle selfsugtige begeertes sal bevredig, en die Here vervul nie hulle versoeke op die wyse wat hulle verwag nie. Hy neem hulle deur toetse en beproewinge, Hy bring hulle deur verootmoedigings, totdat hulle duidelik kan sien wat hulle werklike benodighede is. Hy gee nie aan die mens daardie dinge wat ‘n ontaarde behoefte sal bevredig nie, en wat skadelik sal wees vir die mens en hom tot oneer van God sal strek nie. Hy gee nie aan die mens daardie dinge wat hulle ambisie sal bevredig nie, of indien hulle slegs vir self-verhoging werk nie. Ons moet in nederigheid na God toe kom, met ‘n berouvolle hart, en onderdanigheid aan sy heilige wil.”—Ellen G. White, *In Heavenly Places*, p. 89 (vry vertaal).

## Vrae om te bespreek:

- 1. Op watter wyses het gebed ‘n invloed op ons totale geestelike ondervinding? Dus, watter invloed het gebed op jou wanneer jy bid? Op watter wyses het jou lewe verander nadat jy gebid het, as daar voor?**
- 2. Wat sê jy vir iemand wat voortdurend vir iets gebid het, en niks gebeur het soos die persoon gehoop en gebid het sou gebeur nie, soos byvoorbeeld die genesing van ‘n siek kind? Hoe leer ons om op God te vertrou selfs in situasies soos hierdie?**
- 3. Bespreek in die klas jou eie ondervindinge met gebed, en wat dit vir jou beteken? Wat het jy van gebed geleer wat ander kan help wat ook worstel om die doel van gebed te verstaan?**
- 4. Waarom is dit belangrik om te bid, selfs al verstaan ons nie ten volle hoe dit alles werk nie?**

